
# Hoe om geskiedenis *cool* te maak

DR FRANCOIS VERSTER
**Korrespondent**

Dis sewe-uur, nog donker en voetgangers peul tussen motors deur soos mieliepitte tussen voelende vingers. Hierdie mieliepit gaan staan voor Adderleystraat No 11. En gly boontoe in 'n glas-en-chroomkontrepsie vir 'n onderhoud-afspraak.

Die kantore is so kaal en vaal en wyd en oop soos 'n verloopte stadsjapie net kan droom oor die Karoo - alles onder dak en agter glas en metaal: dis hoe die nuwe standplaas lyk waar Elizca Stemmet, die ware (soek-en-dryf) enjin agter die SA Geskiedenis Wiki-projek, vanaf begin Junie 2010 haar bevind. Haar kollegas dwaal rond en maak bokse oop - ook Johann van Tonder, bestuurder van die Wiki-eenheid, 'n nie-winsgewende gemeenskapsprojek van Naspers. Nog laas week het hulle neffens my in Media City gewerk, twee slap kettieskiete van die halfgebakte 'fly-over-and-crash-for-the-movie'-strukture bokant die stuitjiepunt van die N1. En toe is dit tyd vir aanpas en uitbrei. Hierheen.




Maar nou haal ons eers plastiek van nuwe stoele af in die kaalnuwe konferensiekamer en begin gesels: wanneer het julle begin en wat was die idee daaragter? Elizca sê dit was so April 2009; dus ongeveer 'n jaar gelede, toe begin is om die gewilde geskiedenisboek, **Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika**, onder redaksie van professor Herman Giliomee en Bernard Mbenga, volledig en gratis, in Engels en Afrikaans, op die Internet te publiseer. (*http://www.nuwegeskiedenis.co.za*). Hiervandaan sou vars, amper vreemde idees volg.

Gou besef mens die woord 'staties' is nie welkom in Elizca-hulle se wêreld nie - nee, daar moet 'n nuwe platform wees, sê sy - om geskiedenis *cool* te maak vir die jeug. Gryskop-proffies en saai handboeke is uit; dinge moet interaktief wees; elkeen moet nou help bou aan ons geskiedenis - meelewend, met die klem op die 'lewe'. Die platform moet so breed as die kuberruim wees en daar sal beweeg word waar geen verkrampte binne-die-boks-denker nog was nie. Verfrissend, so op my nugtermaag hier op die sewende vloer op 'n skraalwind-wintersoggend. Is dit van opwinding wat ek bewe of bloot van die wete dat ek dalk iewers vas- en uitgevang sit tussen die gryskopgenerasie en die *cool*-kopgenerasie, soos die een oorkant die tafel?

Elizca beskou my met haar groot blou oë en ek hoop ek lyk nie te veel soos 'n stokkiesinsek wat tussen die sleutels van 'n 'keyboard' vassit nie. Sjoe: ba-aie om te leer. So, ek luister . . . Daar is ongeveer 1000 artikels op hierdie Wiki, ingestuur deur letterlik enigiemand wat 'n storie het om te vertel - anders as die gewone, bekende wêreldwye Wikipedia, handel hierdie een net oor Suid-Afrikaanse onderwerpe en jou insette kan aangepas word deur ander lesers. Sulke aanpassings moet gemotiveer word op 'n besprekingsblad en 'n mens kan aanpassings volg en vasstel wie dit gedoen het, want bydraers moet registreer voordat hulle kan deelneem. Anders as die internasionale Wikipedia hoef jy nie noodwendig drie geskrewe bronne aan te dui

nie - dit kan jou ouma ook wees wat die inligting aan jou oorgedra het (dus 'n mondelinge bron, wat jy dan vermeld). Geskiedenisse van plase, dorpe, sportklubs, musiek, biblioteke, en veel meer kan opgelaai word. So is my artikel oor die Wellingtonse Biblioteek se geskiedenis (wat in **KB,** Maart/April 2009 verskyn het), byvoorbeeld, aangepas en, met toestemming, opgelaai. Vi-deo's en klankgrepe kan ook opgelaai word en die dooie teks van dooie boeke oor dooie mense is nou letterlik geskiedenis. Ek sien reeds in my geestesoog hoe sit 150 kindertjies in Graad 1 elkeen met 'n nuwerwetse Kindle (baie soos ouma en oupa met leitjies en griffels destyds) en tik-tik-tik, die ene konsentrasie; besig om historikus-historikus te speel.

Elizca glo hierdie projek het groot potensiaal vir onderrig op skoolvlak - die leerkrag kan inskakel op die Internet, die Wiki-blad op 'n skerm vertoon en die hele klas kan deelneem aan soektogte en insette lewer; in skrille kontras met 'Um, klas, vandag maak ons die handboek oop op bladsy 101. Die Groot Trek . . . waar's jou boek, Jannie . . . onderstreep asseblief die volgende . . .' Leerders kan, waar hulle ook al toegang het tot die Internet, op hierdie wyse te werk gaan. Hulle kan ook nou hulle eie projekte oplaai en met ander deel. Uiteraard hou kinders van die idee dat hulle name op die Internet verskyn en dit motiveer hulle dus om in te skakel. So bou hulle saam aan 'n ware Suid-Afrikaanse geskiedenis, en word hul taal-, rekenaar- en selfs sosiale vaardighede verbeter. Deelnemers kan kommunikeer via die besprekingsblad, wat dan soos 'n blog aangewend kan word. Sogenaamde 'hipergeskiedenis' soos familiegebruike en ander inligting wat nie gewoonlik in geskiedenisboeke voorkom nie, kan sodoende aangeteken en versprei word. Hier praat ons dus van 'n bewaringsaksie; van kultuurgoedere wat nie verlore gaan nie. Gewoonlik word geglo dat, wanneer 'n volksverhaal wat deur geslagte oorvertel is met meer stertjies as wat 'n Siamese akkedisdrieling voortdurend verander word, eers neergeskryf is, dan verstar dit - die geskrewe vorm word as die outentieke weergawe erken en die ander variasies sterf uit. Nié hier nie - daar kan aan die teks verander word, aangelas en verhelder word en sodoende raak dit 'n gemeenskapsprojek op 'n landwye skaal.

Die idee is dat kinders moet kan identifiseer met wat hulle doen, dat dit ook 'n hulpmiddel is vir onderwysers, en dat, in stede van elke paar jaar 'n opgedateerde uitgawe van, byvoorbeeld, Giliomee en Mbengahulle se boek te herdruk, geskiedenis daagliks geskryf en hervorm kan word. Johann sê dis 'n poging om die geskiedenis soos dit vandag ontvou op die web vas te lê vir die nageslag: g'n statiese dokument nie; énige bron (wel aangedui agterna), geskep deur énigeen, is via die wondere van die tegnologie nou aanvaarbaar, haalbaar, bruikbaar. Swart landgenote kan ook nou self bydraes maak, in teenstelling met die vroeëre perspektiewe van wit historici. Die boek deur Giliomee en Mbenga is ook op hierdie konsep van multi-kulturele, kollektiewe samewerking geskoei.

Tematies gesproke voldoen hierdie projek in 'n behoefte aan onderwerpe wat dikwels nêrens anders toeganklik is nie - meer resente gebeure oftewel 'kontemporêre geskiedenis' soos die Wêreldbeker Sokkertoernooi is slegs nog in nuusblaaie bespreek en miskien wil leerders nóú werkstukke daaroor doen. En so vul Wiki 'n leemte in die mark. Boonop gratis. Skole word ook formeel betrek - tien 'loodsskole' neem deel. Skole wat reeds gereeld van die webwerf gebruik maak sluit in Curro Langebaan en die laerskole Paarl Gimnasium en Brackenfell.

Amper twee uur later klim ek saam met Heather MacAlister, siel en brein van Ancestry24 *(http://www.ancestry24.co.za)* (ook een van hierdie eenheid se projekte) in die hipermoderne hysbak met sy een glasmuur. Dis nogal 'n sonderlinge gevoel om so oop en ontbloot sewe vloere ver neer te daal. Onder gekom belowe ek om 'n artikel oor haar inisiatiewe aangaande familiegeskiedenis te skryf en loop die dag tegemoet. Ek weet sommer die toekoms vir hierdie groep kreatiewe baanbrekers het goud in die mond. 'Feel it: it is here!' behoort van toepassing te wees op meer as net sokker - ons land dors na kennis en die toerusting om dit effektief aan te wend. Want daar buite die 'global village' is 'n oerwoud. En die kompetisie skakel dinosourusse, digitaal en andersins, sekuur en vinnig uit.

Later in my kantoor tik ek hierdie artikel uit, raak opnuut opgewonde oor die konsep en laat weet 'n paar vriende daarvan. Almal is ewe opgewonde daaroor, met enkele voorbehoude. Een ou vra: 'Vriend historikus, dink jy nie hierdie bronne is darem te onbetroubaar nie?' En ek antwoord. 'Natuurlik kan dit nie formele geskiedenisbronne vervang nie - nes in die geval van mondelinge geskiedenis moet mens bedag wees daarop dat enige informele geskiedskrywing nie die werk van opgeleide kenners vervang nie, maar parallel daarmee gaan loop en dat dit hoofsaaklik gaan oor die deelname-aspek daarvan.' Ook dink ek aan die honderde bandopnames wat deur Stellenbosse kultuurgeskiedenisstudente met groot moeite versamel is en dalk nooit getranskribeer sal word nie - want die vak is so te sê tot niet (wat 'n skandelike verlies). Dit beteken dat ontsettend baie inligting ook tot niet gaan. Die Internet is egter 'n nuwe opsie vir die lewe van stories wat andersins verlore sal raak - 'n spreekbuis vir die mense van alle gemeenskappe.

Sekerlik sal gebruikers bewus gemaak moet word van ander bronne wat, waar moontlik, geraadpleeg kan word. Maar dis juis daär waar leemtes is wat eers gevul moet word. Later kan hierdie 'tydelike strukture' verstewig word. Ook kry plaaslike geskiedenisse 'n reddingsboei; hoef hulle nie te wag totdat een of ander omie of antie afgetree het en dan 'n paar honderd selfgepubliseerde boekies laat druk nie: 'Kyk, daar's 'n boek oor ons dorp! Yzerfontein/Skipskop/Hermanus se geskiedenis is in druk!' Inteendeel - die moontlikhede is nou werklik legio. En nou kan die historici van môre boonop vandag al begin oefen . . .

Naskrif: wil jy self gaan kyk waaroor die bohaai is? Hier is jou kans om jou naam te verewig: http://wiki.nuwegeskiedenis.co.za. Gaan lees self en maak 'n bydrae.



